Volksblad: Woord & Perspektief 75
Die troos dat ek behoort

"Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?" Dié vraag het oor die Lae Lande gehang. Want die begin van die 17e eeu in Nederland was in groot bestaansonsekerheid gehul. Lewensverwagting was nie hoog. Uit elke duisend kinders gebore, het bykans die helfte nie vier jaar oud geword nie. Polities was die eenheid van die jong Nederlandse "Staten" broos, nog skaars bevry van die Spaanse juk. Godsdienstig was die land verdeeld: na die noorde Protestants, na die suide Katoliek. Net oorkant die Duitse grens het 'n burgeroorlog gewoed wat eers teen 1648 tot vrede sou kom. Indentiteitsvrae: wie is ons as Nederlandse volk? En waar vind ek sekerheid - oor my lewe, oor my kinders, oor die toekoms, oor die ewigheid?

Hieroor het daar in 1604 aan die Universiteit van Leiden 'n teologiese diskussie ontstaan: aan die een kant, Jacob Arminius vir wie geloof 'n saak van God se genade was, maar met jou as mens se aanvaarding daarvan, jou medewerking en volharding daarin - sekerheid berus ten slotte in jóu keuse vir God. Daarom ook Arminius se groot klem op prediking, bekering en 'n heilige lewe. *"Werk jou eie heil met vrees en bewing uit..."* (Fil. 2:12). Aan die ander kant, Franciscus Gomarus, vir wie geloof 'n geskenk uit God se liefde en genade was, van ewigheid af het Hy jou daartoe bestem en werk Hy dit gaandeweg deur sy Gees in jou lewe uit. Alle sekerheid begin en berus by God alleen; só ver terug soos vóór sy Skepping selfs! *"In Christus het Hy ons gekies om heilig voor Hom te lewe..."* (Ef. 1:4). Onder die twee standpunte, het 'n mensbeskouing gelê: enersyds, optimisties, dat 'n mens met Gods hulp en regte leiding, vír God sal kies en kan glo; andersyds, dat die breuk tussen mens en God in die sondeval ons tot in ons diepste wese geskend het en ons tot die kwade laat neig, wég van God af. Dit was weer Desiderius Erasmus teenoor Martin Luther oor die vrye wil van die mens; dit was weer die kerkvaders Pelagius teenoor Augustinus oor die totale gebrokenheid van die mens.

Wat die teologiese geskil laat uitkring en uiteindelik op die spits gedryf het, was dat Arminius en sy volgelinge voorstanders daarvan was dat die politieke owerheid finale gesag besit, ook in godsdienstige sake en met die doel om vrede en verdraagsaamheid onder die bevolking te handhaaf. Gomarus weer was oortuig dat teologiese kwessies op 'n kerklike wyse beslis moes word. Uiteindelik het die Nederlandse Staten-Generaal 'n nasionale Sinode in Dordrecht byeengeroep wat van 13 November 1618 tot 29 Mei 1619 gesit het, volgende Woensdag, vierhonderd jaar gelede. Gomarus, Calvyn, Augustinus, Paulus is - by wyse van spreke - gelykgegee.

In die vier eeue sedertdien loop die verdelingslyn steeds diep deur en tussen kerke: waarvandaan sal daar vir my sekerheid kom? Berus dit op 'n dag en datum en die graad van my godsdienstigheid of lê dit veranker in die liefde van 'n God uit Wie en deur Wie en tot Wie alles, alles is; die slotsom waartoe die einste Paulus in verwondering gekom het (Rom 11:36)? Die Sinode van Dordt wou dit duidelik antwoord. Miskien: té duidelik, té presies. Wanneer ons Dordt onthou, moet ons die lig én die skaduwees daarvan raaksien. Die gevaar van (kerk)politieke mag in sake van die siel. Die gevaar van die mite van wit uitverkorenheid (asof Dordt dít gesê het, inteendeel!). Die gevaar van ons groot vergaderings en aansprake oor wat God presies wil hê. Nee, die Sinode van Dordrecht herinner ons dat ons aan Iemand behoort en daarom geroep word tot nederige dankbaarheid, 'n vroom lewe en blywende vreugde. Dít troos.

Jan Lubbe
(VDm) NG Kerk Berg-en-Dal
20 Mei 2019